Jaarlikse Drie Nasies - RILLER

Leana Erasmus

Sedert 2009 word daar jaarliks 'n 3 Nasies rit gehou, waartydens Suid-Afrika, Namibie en Botswana se beste ruiters vir die titel as "Drie Nasies Span" en "Individuele Kampioene" kompiteer. Hierdie jaar se rit is gehou op die baie bekende Fauresmith uithourit terrein maar het 'n afsonderlike baan as die "tradisionele Fauresmith baan" gehad om te ry.

Die rit organiseerders was opsoek na 'n uitdaging aangesien die vorige bane se tempo te vinnig was en meer as "resies bane" as "uithourit bane" beskou is. Die hele idee was om ruiters kans te gee om hulle ruiterkuns en vaardighede te toon. Die baan het egter MEER as dit beproef. Steil hellings en klipperige terrein het 'n gevaar en risiko ingehou en na die toets rit in April is baie veranderings gemaak om die baan veiliger te maak. Een ding was duidelik, hierdie sou die moeilikste rit wees wat hierdie ruiters nog aangepak het. Vaardigheid en ruiterkuns was NIE opsioneel NIE, maar verpligtend.

Op Donderdag 2 Mei het **286** perde ingeskryf. Op die oggend van 3 Mei het **277** perde teen 6h30 die oggend vertrek, waarvan slegs **155** perde die rit voltooi het. Eerste in die pad was dit die jong ruiters. Dit was oorlog van die wegspring af.

Die ruiters het in groepe gebly vir om en by 100km en toe het sommige uitgestyg terwyl ander se perde net plein weg moed opgegee het. Van die **73** jong ruiters wat weggespring het, het slegs 40 voltooi. In die eerste plek was Ralien De Beer van Polokwane met Arkab Talafat in 5:36:10. Vier minute later het Joane Basson van Bethlehem en Arkab Pennie in 5:41:29 voltooi. Madele' Janse van Rensburg van Schweizer Reneke en Zameehl het in die derde plek voltooi in 5:42:23. Dit was egter Danjele Himmel met Twin wat die besvoorbereide perd toekenning ontvang het.

Liggewig afdeling het net daarna ook as 'n groep weggespring. **54** het weggespring en **34** het voltooi. Eerste in die liggewig katagorie was Duimpie Smous van Kathu in 'n asemrowend tyd in 5:15:15 met Rakib Amira. Romeo van Martell Dormehl (Louwna) was meer as gewillig en hulle het in die tweede plek geëindig met 'n tyd van 5:23:26. So het sy ook die titel verower van Besvoorbereide perd in die Liggewig afdeling. Derde was Ignatius Goagoseb met Barakah Gaalin van Otavi in 'n tyd van 5:25:19.

Namibië het egter die standaard gewig oorheers toe die eerste, derde en vierde plekke deur hulle opgeëis is. Van die **98** ruiters wat weggespring het, het **55** voltooi. Gobabis ruiter Adrian Combrinck (huidige 2012 SAIC Standaard Rekord houer) het letterlik gevlieg oor die baan waarin hy sy katagorie gewen het en die ALGEHEEL beste tyd opgestel met Kalharabi Raka in 'n pragtige tyd van 5:12:33. Net 3 minute later was Dawie de Meyer met Fanmar Zingdi van Kroonstad klaar in 'n tyd van 5:15:00.
Cornelius Eiseb van Gobabis was kort op sy hakke en slegs 1 sekonde later moes hy met 'n derde plek tevrede wees (op Wiejandie Monieta wat die 120km voltooi het in 5:15:01; maar hy is met die besvoorbereide perd toekenning vereer as ook "Beste van die Beste Voorbereide perd". Die swaargewig afdeling was absoluut 'n stryd van die eerste kilometer af. Van die **52** swaargewig ruiters het 'n skamele **26** voltooi. Die voorste ruiters het mekaar se skaduwees opgepas vir die hele 120km. Maar dit was Namibië se ruiter Bredell Wessels van Gobabis wat koning gekraai het. Nie net het hy eerste oor die lyn gevlieg met Aracos Armak in 'n tyd van 6:00:57 nie, maar het ook die besvoorbereide toekenning ontvang.

Die **67** jarige Johann Nieuwoudt (huidige Fauresmith Swaargewig Rekordhouer) van Schweizer Reneke was met Vonk slegs 2 sekondes agter Bredell in 'n tyd van 6:00:59. Jean-Jacques Kasselman met Gismo van Klerksdorp was in die derde plek 2 minute later in 6:02:54.

INTERNATIONALE SPAN KOMPETISIE:

Jong Ruiters
1. Suid Afrika in 22:55:54

Liggewig
1. Suid Afrika in 21:36:52
2. Namibië in 22:56:43

Standaardgewig
1. Namibië in 21:10:49
2. Suid Afrika in 22:32:32

Swaargewig
1. Namibië in 25:02:22
2. Suid Afrika in 25:11:12

Provinsiale spankompetisie Liggewig
Vrystaat 18:58:10.42
Noordwes 20:03:44.20

Die baan vir hierdie rit is soos genoem 'n nuwe terrein wat op die Fauresmith lokaal geskep is sodat dit nie dieselfde baan is - as die een vir die 3 dae Fauresmith 200 nie. ERASA en die plaaslike Landbougenootskap het eienaarskap geneem van die Fauresmith terrein sodat hulle nou kan konsentreer op ritte in hierdie gedeelte van die Vrystaat by een terrein en hulle belegging op hierdie terrein kan verbeter - om dit meer aantreklik te maak vir alle deelnemers. Fauresmith is reeds besig om te verander.

Vir die Namibiërs en Botswana ruiters is dit terug oor die grens waar hulle gaan uitrus en begin voorberei vir die jaarlikse Walvisbaai eind Augustus. Maar voor die Suid Afrikaanse ruiters hulle sand-trap -skoene gaan aantrek is dit eers tyd vir die jaarlikse Fauresmith 200. Die hoogtepunt van ieder en elke SA ruiter. Die uiters gewilde 3 dag uithourit vind plaas 2 – 4 Julie 2013.

Geskryf: Leana Erasmus

Fotos: Leana Erasmus
Andi van Aswegen